

Ons sluit ‘n paar kortverhale deur Martha Poller in. Lees dit gerus en geniet dit. Jy is welkom om kommentaar te lewer en/of vrae te vra as dinge jou pla.

Onthou, ons is almal uniek en elkeen se storie lyk anders as iemand anders s’n. Moet dus nooit probeer om jou gunsteling skrywer na te maak nie. Dit sal oneg en geforseerd klink.

MEISIE VAN DIE NAMIB

En wat presies daarvan as ‘n prins Windhoek besoek? Wie traak nou eintlik of hy hier is en of hy by sy ouma op haar troon sit? Asof ek nou omgee waar hy is ... hier of daar of waar ookal!

Sy slaan agter haar lessenaar op die stoel neer en probeer die los slierte hare uit haar oë vee. Magtag, hierdie hare irriteer die blou biesies uit my uit. Sy hoor haar ma se stem: ‘Helena, kyk hoe lyk jy, man. Geen opgevoede man sal twee maal na jou kyk nie. Doen net ten minste iets aan jou hare, my kind. Sny dit en kleur dit. Met sulke muisvaal haartjies ...’ Sy rol sulke tyd net haar oë en kyk anderpad.

“Helena!” roep iemand in die gang.

“Wat?”

“Die grootbaas wil ons sien. Kom gou.”

Sy sluip die raadsaal binne. Die vrou naaste aan haar bekyk haar asof die kat haar so pas hier ingedra het. Sulke byeenkomste is ‘n nagmerrie vir enige mens met selfrespek – die uitrustings wat almal dra is om van te gil.

Sies, hier is sowaar ‘n kol op my bloes. G’n wonder hierdie uitspattige vrou hier langs my beloer my so nie. As ek net so ‘n klein bietjie meer geld verdien het, kon ek dalk ook aantrek soos een van hulle.

“Dames,” kom die grootbaas, Arista Duvenhage se stem. “Julle moet nou mooi na my luister. Ons het uit betroubare bronne gehoor dat Prins Harry Windhoek gaan besoek volgende week. Die arme man is in sak en as oor sy liefde wat hom gelos het en kom soek ‘n bietjie rustigheid hier by ons. In elk geval, die besoek word afgesluit met ‘n maskerbal.” Sy bly ‘n oomblik stil sodat die gedagte mooi kan insink. “Die groot nuus wat ek vanoggend gekry het, is dat Arista Modehuis gekies is om die parlamentslede se vrouens aan te trek vir die geleentheid.” Sy glimlag in haar noppies.

“Ongelukkig is daar weinig van hierdie mooi plek van ons wat genooi is na die geleentheid. Natuurlik sal ek en my drie dogters Arista Modehuis se naam hoog hou.” Sy kyk met uiterse trots na die drie wat elkeen aan iets staan en peusel.

“Ek verwag van een en elk om op hierdie oomblik alles te los en te begin skoonmaak en opruim. Ja, ek weet julle maak altyd skoon, maar ek praat van skóón!” Sy vryf ‘n denkbeeldige haartjie van haar skouer af. “Toe, toe, toe! Waarvoor wag julle? Ek sterf tien dode as die president en sy gevolg hier instap en iewers lê ‘n rafeltjie of ‘n stoffie.”

Jippie! Nou kan ek ook ‘n slag sien hoe lyk die binnekamers van Arista Modehuis. As jy mos in hierdie plek ‘n klerk is, beteken jy niks. Ek wonder of ou simpel Arista ooit my naam ken?

Sy drafstap om eerste in die stoorkamers te wees. Soveel luuksheid en prag en praal! Dit maak haar behoorlik naar om te sien hoe word hier met geld gemors. Besef daardie heks van ‘n Arista Duvenhage dan nie hoe sommige van haar werknemers honger ly nie? Nee, natuurlik nie, want dan sou sy (dalk) iets daaraan probeer verander het.

“Blommie, jy kan ook die onthaal bywoon,” fluister ‘n stout stemmetjie in haar oor.

Sy skud die gedagte met mening af en stof af en vryf blink dat dit ‘n naarheid is. Teen middagtyd kan sy dit nie meer hou nie. Sy weet nou dat sy die maskerbal gaan bywoon, buig of bars. Sy werk sommer harder en besef eers dit is tyd om huis toe te gaan toe die wag haar aan die arm kom vat en beduie dat hy wil toesluit.

Die dae gaan te vinnig na haar sin verby. Vanaand is die maskerbal! Hemel tog, sy het so baie om te doen en die tyd is so min. Teen etenstyd ontwikkel sy ‘n vreeslike maagpyn. Sy krul van die pyn toe die opsiener haar in die toilet kry.

“Wat gaan met jou aan? Het jy nou te goed geword om ons te help? Ons verwag nog baie kliënte vandag en kyk waar sit jy. Staan hier op en maak dat jy op jou pos kom.”

Sy antwoord nie, want die pyn is eenvoudig te veel. Sy klem haar maag vas en kyk met smekende oë na die kwaai vrou voor haar.

“Nou maar goed, gaan dokter toe en bring ‘n siekbrief, hoor jy my? Bring ‘n siekbrief as jy nog ‘n dag langer hier wil werk.” As ‘n nagedagtenis skree sy agterna: “En daardie tas? Wat sleep jy daar saam met jou?”

Helena mompel iets van klere wat haar ma vir haar van die plaas af gebring het. Die opsiener is so haastig om weer by haar werk uit te kom, dat sy nie die moeite doen om seker te maak dit is die waarheid nie.

Helena hink by die gebou uit en af met die straat. Die opsiener dink nie verder aan die stomme meisietjie nie – hoekom sou sy?

Die limousine wieg saggies tot stilstand. Kameras flits. Die skare juig oor die skoonheid wat op die rooi mat aangesweef kom. Hulle verwens die feit dat dit ‘n maskerbal is, want nou kan hulle nie die gesiggie agter daardie masker sien nie. Wie sou dit wees? Haar bloedrooi rok is van suiwer sy gemaak en ‘n paar silwer skoentjies loer parmantig onder die soom uit. Haar blonde lokke hang tot laag op haar rug. Lieflik. Asemrowend. Onbeskryflik mooi.

Die wag by die deur verkyk hom so aan haar, dat hy skoon vergeet om haar kaartjie te vra. Toe hy sy besef, is hy te skaam om agter haar aan te hardloop. Wie sal dit in elk geval waag om hiernatoe te kom sonder ‘n uitnodiging? Hy troos homself met die gedagte dat sy vir seker te opgevoed is om so ‘n kans te waag.

Die eerste een wat haar opmerk toe sy in die deur verskyn, is Arista. Sy snak hoorbaar na haar asem. Wie het die rooi rok aan hierdie vrou verkoop? Dit is 'n skepping wat sy spesiaal vir haar dogter laat maak het vir haar veertigste verjaardag. As Piernella net nie so 'n bietjie oorgewig was nie, het sy die rok vanaand gedra. Wag maar, Maandag sal die personeel dit ontgeld. Hoe durf hulle haar opdragte so blatant verontagsaam en die rok aan iemand verkwansel?

Sy groet die blonde skoonheid agter die masker egter baie vriendelik. "Goeie naand. Baie welkom."

Die meisietjie knik net haar kop en stap verby. Want, jy sien, Arista Duvenhage is benede haar stand. Voor haar moed haar begewe, stap sy na Prins Harry en sy geselskap toe. Hy spring regop uit sy stoel en buig gemaak nederig voor die blonde skoonheid.

"Goeienaand, skone dame. Sal u my die eer aandoen om by ons aan tafel te sit?" Weereens knik sy net effentjies en die prins trek galant vir haar 'n stoel uit.

Deur die loop van die aand is dit opsigtelik dat Harry vergeet het van die liefde wat hy in Engeland gelos het. Hy is tot oor sy ore verlief op hierdie meisie.

"Haal asseblief jou masker af, toe? Ek glo dat jy nog mooier is as wat ek dink, want jy het die mooiste geaardheid en straal net liefde uit." Hy probeer die masker sommer self afhaal, maar natuurlik keer sy hom.

Sy wil nie dat hy sien hoe sy lyk nie, want dan gaan hy onmiddellik belangstelling in haar verloor, weet sy. Sy wil hierdie een aand saam met hom geniet en vir altyd en altyd onthou dat sy gevoel het soos 'n regte prinses. Nee, sy wil onthou dat sy vir een aand regtig 'n prinses, aan die sy van haar galante prins was.

"Kom ons gaan stap 'n bietjie buite in die tuin. Het jy gesien hoe mooi is die maan vanaand?" nooi hy. "Hierdie aand is toe baie beter as wat ek verwag het, hoor. Ek is so bly ek het jou hier ontmoet, my meisie."

Sy haak by hom in en hulle stap buitentoe. Die maan skyn helder, maar sy waag dit om die masker af te haal. Hy neem haar in sy arms en soen haar saggies op haar mond.

Is dit moontlik dat 'n mens hartseer en gelukkig kan wees tegelyk? Sy weet die aand is byna om en daarom wil sy haar dood huil, maar aan die ander kant is sy so verlief dat niks nou belangriker is as sy en haar prins nie.

"Ek wil jou asseblief weer sien, mooie meisie. Mag ek môre my ampsmotor stuur om jou te gaan oplaai?"

Sy knik skaam. "Ja, dit sal vir my 'n baie groot eer wees."

Sy kyk opeens op haar horlosie en skrik groot. "Sal jy my asseblief 'n oomblikkie verskoon?" vra sy saggies.

"Natuurlik, skone dame, ek wag net hier vir jou," fluister hy in haar oor.

Helena besef dat sy in groot moeilikheid is. Sy moet voor twaalfuur by Arista Modehuis wees en die klere wat sy 'geleen' het terug op hulle plekke sit. Twaalfuur kom die vervoerders wat 'n groot besending skoene en rokke moet verpak en na ander stede te vervoer. Sy hoop om, terwyl hulle besig is, stilletjies alles op hulle plekke te gaan bêre.

Sy stap so normaal as moontlik deur die saal. Toe sy egter by die deur uit is, begin sy hardloop. In haar haas trap sy een trappie mis in die donker en slaan met 'n slag op die trap neer. Sy spring op en hardloop verder, net om 'n endjie verder te ontdek dat sy die skoene verloor het daar waar sy geval het.

Sy weet egter dat sy dit nie kan gaan haal nie, want hierdie rooi rok moet ook nog terug op sy plek kom. As die vervoerders ry, is die plek weer gesluit en dan is sy in groot moeilikheid.

Niks vermoedend kom Helena Maandag by die werk aan. Sy merk dadelik op dat daar iewers iets groots verkeerd is. Die plek wemel van polisie en ou miesies Duvenhage trippel rond soos 'n kat op warm kole.

“Kan jy dit glo?” vra sy vir niemand in besonder nie. Hierdie rooi rok hang nou hier, maar ek kan sweer daardie blonde vrou het dit gisteraand na die maskerbal toe gedra. Daar is net een van sy soort in die hele wêreld.”

Weereens word almal raadsaal toe geroep. “Mense, hier is 'n dief tussen ons,” sis Arista. Die rooi rok ... Maar wag, dit gaan nie nou oor die rok nie. Die pakkers het aangegee dat daar een paar silwer skoene te min was. Ek is seker die getalle was reg ... wat beteken iemand het 'n paar skoene gesteel.”

Almal trek asem in en slaan die hande voor die monde. ‘n Dief tussen hulle? Dit is te verskriklik! Kan dit waar wees? Maar ja, as Arista reken daar is 'n paar skoene weg, dan is daar 'n paar skoene weg.

Sy kry 'n peinsende uitdrukking. Rooi rok. Silwer skoene. Blonde pruik wat iemand vanoggend in die gang opgetel het. Die dief is definitief in hierdie gebou, daar is geen twyfel aan nie.

“Wie ookal daardie persoon is, moet weet daar wag groot moeilikheid op jou. Jy het my goed gesteel en dan nog die maskerbal wederregtelik bygewoon. Sies! Daar is nie 'n ander woord daarvoor nie, hoor. Jy is 'n dief,” sis sy terwyl iemand haar met 'n nat lappie lawe.

Die polisie kry speurders wat met die ondervragings begin. Arista beveel al die lede van die personeel om nie die gebou te verlaat nie. Vandag is die dag wat daardie dief gevang sal word, al weet sy self nie hoe nie. Wat 'n skande: Arista Modehuis huisves 'n dief!

Opeens staan prins Harry in die deur. Hy stap tot by Arista en sit die twee silwer skoene voor haar op die tafel neer.

Sy spring regop en vergeet skoon om eers te groet. “Waar kry jy daardie skoene?”

Hy lag verleë. Jy sal my nou nie glo nie, maar ek het dit opgetel. Die meisie van my drome het hulle verloor en nou soek ek asseblief na daardie meisie.

“Oor my dooie liggaam,” hyg sy. Die persoon wat daardie skoene gedra het, is niks anders as ‘n dief nie.”

“Ek wil haar nogtans sien, asseblief,” hou hy voet by stuk.

“Meisies,” begin sy ergerlik, “daar bly vir ons niks anders oor as om hierdie skoene te kom aanpas nie. Ek glo die regte persoon sal dit in elk geval ontken dat dit sy was wat dit gesteel het.”

Almal storm nader om die skoene aan te pas. Sowaar, hulle sal enigiets doen om hierdie prins se meisie te kan word. Arista se drie oorgewig dogters kom pas ook aan, maar die skoene kom nie naastenby oor daardie vet voete nie.

Harry raak moedeloos, want dit lyk of die skoene vir niemand pas nie. Hoe moet hy maak om daardie wonderlike meisie weer te sien? Hy kan mos nie terug Engeland toe gaan sonder dat hulle twee ten minste mekaar weer een keertjie gesien het nie, kan hy?

Heel laaste kom Helena aan die beurt. Sy is angsbevange, maar sy weet sy het geen ander keuse nie. Wat gaan nou met haar gebeur? Sy kan nie bekostig om sonder werk te sit en boonop tronk toe te gaan ook nie.

Sy sit haar een voet versigtig in die skoen. Jy kan ‘n speld hoor val tussen die res van die personeel. Toe sy die tweede skoen ook aan het, kyk sy stadig en angsbevange op na die prins toe.

Hy staan met die grootste glimlag. “Kom, liefste meisie. Ek het lank genoeg na jou gesoek. Ek dink ek vat jou sommer saam Engeland toe.”

Maande later is daar weer ‘n berig in die koerant: Prins Harry haak af met ‘n meisie van die Namib.

PIET BESWAARD HOU NUWEJAAR

Vir ou Piet Beswaard was dit nie 'n maklike jaar nie, hoor. As daar 'n ding verkeerd kon loop met iemand, dan het dit met ou Beswaard gebeur.

Vat nou maar die keer toe daai swendelaar hier in die dorp kom lol het. Almal het deur sy plannetjies gesien, net nie onse Pieta nie. Nee, hy loop glo toe die man en verloor sy hele lammer-oes se inkomste. Ou Beswaard het vir ses maande geleef van die spesiale kollekte wat Dominee vir hom in die kerk gehou het.

Anderdag weer vat die ou sy bakkie om 'net 'n endjie te gaan ry', maar o wee! 'n Wolkbreuk tref die dorp en daar gaat bakkie met die rivier af.

Onse Piet se Marie het lankal die pad gevat. Sy kon nie langer aanskou dat alles wat ellendig is die stomme man tref nie. Sy is toe weg met die Engelsman wat boeke of iets by aan die skoolkinders kom verkwansel het. Nou bly hy stoksielalleen met sy makoue en katte daar aan die rand van die dorp.

Niemand weet hoe dit met die ou gaan nie. Niemand is bereid om 'n geselsie aan te knoop nie. As jy hom (uit ordentlikheid) vra hoe dit gaan, is daar net een antwoord: "Ellendig, my broer, ellendig ... het ek jou vertel van die keer toe ..."

Die dorp is in rep en roer. Dominee kondig in die kerk af dat almal hierdie jaar gerus 'n slag as gemeente oujaar kan groet en nuwejaar kan welkom heet. Sal dit nou nie lekker wees nie?

Oujaar val vanjaar mooi op 'n Vrydag. Die program is mooi uitgewerk: Lekker kuier en braaivleis van vieruur die namiddag af, die kerkdiens is van halftwaalf tot twaalfuur, en dan begin die dans vir die nuwejaar. Wonderlik!

Daar is egter net een haakplekkie, maar Mevrouw Dominee sien kans om dit aan te spreek. Almal waarsku haar, maar sy glo sy is die regte persoon vir die takie.

Piet Beswaard is die enigste man met 'n spitbraai in die dorp. Hy het selfs op 'n dag 'n hele bees op sy spit gehad ... en was dit lekker! Nou vra jy my wat is dan die probleem met Pieta en sy spitbraai?

Hemel, mens, weet jy nie van die ou se 'probleempie' nie? Nee, ek praat nou nie van die ongeluk wat hom so ry nie – dit is 'n probleem van 'n ander formaat hierdie keer. Jy sien, wanneer ou Beswaard braai, kan hy dit net doen met die hulp van 'n botteltjie of twee ... of selfs meer. Met die een hand doen hy sy dinge met die spitbraai, maar die ander hand bly besig met die botteltjie.

Eintlik het die kerkraad gestem dat hulle nie vir Pieta daar wil hê nie. "Nee, jinne, Dominee, daai man is 'n skande vir ons dorp. Los hom dat hy by sy huis bly en ellendig wees op sy eie tyd." Dit was net die hoof ouderling en Mevrouw Dominee wat besluit het dat die man 'n kans moet kry om ook 'n klein bietjie geluk te smaak.

MY AFRIKAANSE STORIES

Dominee het so 'n bietjie ongemaklik rondgeskuif op sy stoel voordat hy geantwoord het: "Nou maar reg, kom ons gun die man dit."

Pieta daag by die kerksaal op met die spit, sy kampstoel en 'n paar koffieflesse. Hy maak sy vuur, kry die spit aan die gang en skop voete uit op sy kampstoel.

Niemand is bereid om te vra wat in daardie flesse is nie, maar Mevrouw Dominee stap later nader. "Pieta, gee dan daar 'n bekertjie koffie, toe?"

Pieta spring op en skink vir haar 'n bekertjie koffie. Die twee gesels land en sand oor die wel en die wee van die lewe. Na 'n uur of wat verskoon sy haarself. "Die koffietjies raak nou ongemaklik baie, jong. Ek is nou terug," knipoog sy vir Pieta.

Tannie Bessie het al lankal 'n oog op ou Piet. Sy mik vir die stoel, maar hy keer haar weg. "Dis Mevrouw Dominee se plek daai, Bessie."

Die gemeenste is tevrede dat daar niks buiten koffie in die flesse is nie en dit raak 'n heerlike kuier. Hier en daar waag een dit om 'n biertjie te drink, maar dan vat Dominee hom eenkant toe en praat hom aan.

Dis kerkyd. Dis om die draai van die kerksaal af en almal stap sommer soontoe.

Mevrouw Dominee is die orreliste. Sy speel altyd die mooiste musiek voor die diens, maar vanaand is sy stil. Dominee raak ongemaklik, want waar is sy liefie dan nou heen? Hy stuur 'n diaken om te gaan kyk wat van haar geword het.

Hy kry hulle daar waar hulle vroegdag al gaan sit het langs die vuur.

"Mevrouw Dominee?" vra hy verstom.

Sy kyk skewekop op. "Sjal onsh vi jou ook 'n ietshie shkink, ha?"

Liewe Antie Koot,

Antie is seker baie verbaas om van my 'n brief te kry, ha? Ek sien sommer hoe gryp Antie die kop vas en gaan sit op die stoel met 'n 'Haai mens!' en roep dan eers vir 'n koffietjie. En ag, dan sal Antie wonder nou hoekom het oom Koot nie tog maar net nog 'n klein bietjie langer op hierdie ou aardbodem gebly nie.

Ek het nog altyd gewonder hoekom is Antie dan nou Antie Koot? Wilhelmina is vir my 'n baie mooi naam, al dink Antie nie so nie. Ja, ek weet Antie is vernoem na daardie een ouma wat so kwaai was en dis hoekom Antie nooit gekla het om dan maar liewer Antie (van oom) Koot genoem te word nie.

Daar het so baie dinge gebeur sedert ek weg is daar uit Koffiefontein. Ek en Driekie het toe uiteindelik tot trou gekom, kan Antie dit glo? Sy het gekeer dat dit klap, maar hierdie klong van Koffiefontein vat mos nie nee vir 'n antwoord nie. Ek kom een van die dae vir Antie vir Driekie en ons klein Willempie wys.

Ek werk al twee jaar by die myn hier in Welkom en my skofbaas het belowe dat my bevordering nie meer ver is nie. Ek het Driekie belowe dat ons dan vir ons 'n bakkie gaan koop. Ek is so trots dat ek uiteindelik ook kan sê ek en my vroujie het ons eie huisie en nou gaan ons 'n kar ook kan koop. Dis nou juis met hierdie kar wat ons vir Antie gaan kom kuier.

Antie weet, as ek so alleen is wanneer ek nagskof doen, het ek baie tyd om te dink. Ek verlang sulke tyd my hart stukkend na die dae wat was. 'n Mens is mos dom as jy jonk is, dan wens jy altyd dinge moet asseblief verander en beter word. Vandag vra ek myself af wat ek nou eintlik beter wou hê? Alles was dan goed en mooi en lekker.

Ag, Antie moet tog maar vergewe dat ek vanaand ou koeie uit die sloot uit grawe, maar my hart loop weer wye draaie en wil hom nie laat keer nie. Antie moet maar eers die brief neersit as ek te langdradig is en later verder lees, hoor?

Ek kan onthou, toe ek en Pa en Ma op Koffiefontein gekom het, was Antie en oom Koot al lankal daar. Ek weet, want dis julle wat vir Ma en Pa kom kerk toe nooi het en alles. Ek was daardie dag so skaam toe my pa so tekere gegaan het met julle! Ja, al was ek klein, het ek toe al geweet dat hy nie 'n mooi mens was nie. Ek was baie kwaad vir Ma ook, want dit is sy wat altyd die brandewyn gaan koop het, 'Anders raas hy met my, my kind!'

Ma het vir julle allerhande mooi storiëtjies vertel van hoe ons saans Bybel lees en bid en alles, maar dit was ook g'n die waarheid nie. Die waarheid was dat ons saans vir Pa moes wegkruip, anders het ons deurgeloopt onder sy plathand. Wat my mos nou laat dink – sy was sowaar banger dat Pa sou raas as wat sy vir sy klappe was!

Toe kom die dag van die ongeluk. Ai, Antie Koot, daardie dag was nie 'n mooi dag nie. Ek het al baie maal gewens ek kan dit asseblief tog maar vergeet, maar vergeet kan ek net eenvoudig nie vergeet nie.

Ek en daardie klein seuntjie (ek dink sy naam was Basie) van Ousie Mina het in die veld gaan probeer voëltjies vang met 'n wip. Hy het by die groot seuns gesien hoe doen 'n mens dit en hy het hom lekker slim gehou met my. Hy het my verseker ons sou daardie aand elkeen met 'n paar voëltjies in die hand huis toe kon gaan. Ek het al geproe hoe lekker smaak die gebraaide voëltjies! Met al die probeerslae het ons heeltemal te ver in die veld in geloop en ons besluit toe om sommer padlangs terug te hardloop dorp toe voor die grootmense by die huis kom.

Antie Koot moet weet, ek het hierdie storie nog nooit vir iemand vertel nie. Hoekom ek nou juis vanaand daarvoor moet skryf, slaan my dronk! Ek sê dan juis ek wil dit vergeet, ha? Maar dalk, net miskien, as ek dit klaar geskryf het, kan ek dit dan makliker vergeet?

Ons was al baie naby aan die brug toe ons die groot slag hoor. Basie het aan die hardloop gegaan en vir my geskree ek moet kom, daar was vir seker nou 'n ongeluk. Ek wou nog stry, maar hy het net aanhou hardloop. Ek besluit toe ek hol maar saam, ek wil mos nie alleen in die veld bly nie.

Basie het so in die hardloop vir my gewys hoe staan die stofwolk daar bo die brug en toe weet ek dat hy hierdie keer sowaar weet waarvan hy praat.

En toe gaan Basie ewe skielik doodstil staan en hy gryp my aan die arm en ruk my in my spore tot stilstand. "Dis jou pa se kar daai, jong!" Ek sien nou nog daardie twee groot wit oë van hom soos hy daar langs my staan en blaas het van die moeg en skrik.

Ai, my antie, ek weet nie wat toe gebeur het nie, sowaar weet ek nie meer nie. Die eerste ding wat ek verder kan onthou is toe ek so in die kar in loer en sien hoe lê my dooie pa daar so skeef oor die sitplek.

Sal Antie my asseblief glo as ek vandag sê dat ek nie van hom gehou het nie, maar ek wou hom sowaar nie dood gehad het nie. Ek wou hom weg hê, maar nie dood nie, regtig nie.

Toe ek die oggend na die begrafnis opstaan, is Ma ook sommer net weg. Ek onthou hoe ek die briefie wat sy op die kombuistafel gesit het, probeer lees het, maar ek kon toe mos nog nie lees nie. Oom Koot het my daar by die kombuistafel gekry, die briefie nog steeds in my hand. Was dit die namiddag of die volgende oggend? Ek weet sowaar nie meer hoe lank ek daar so alleen gesit het nie.

En toe is ek sommer julle kind! Vandag begryp ek eers watter opoffering julle twee moes maak om my by julle in die huis te vat. Julle was self nie vreeslik vol geld nie, as Antie my nou sal vergewe as ek dit sê. Ek weet, want ek onthou dat ek by die skoolhoof se vrou klere gekry het vir kerk op Sondag en skoolklere die volgende jaar toe ek skool toe moes gaan.

Die dag toe oom Koot weg is hemel toe, was dit vir my of my pa oorlede is. Julle twee was in werklikheid die enigste ouers wat ek ooit gehad het.

Antie Koot, ek het nou 'n baie lang draai geloop om by die eintlike doel van my brief te kom. Ek vra asseblief baie mooi dat Antie eers moet slaap oor die ou sakie, want onthou, hierdie klong van Koffiefontein vat nie nee vir 'n antwoord nie.

MY AFRIKAANSE STORIES

Ek en Driekie wil, wanneer ons Koffiefontein toe kom met ons bakkie, vir Antie kom haal om by ons te kom bly. Ons ou kindjie het nie 'n ouma nie en ons wil baie graag hê dat Antie vir altyd en altyd by ons moet kom bly.

Ek sien uit om 'n brief van Antie af te kry en onthou maar net die boerklong wag vir die ouma om huis toe te kom.

Met baie liefde en verlange
Antie Koot se eie kind.

DANS MET DIE ROOI ROK

Dans met die rooi rok, die hartlam van my. Dis die rooi rok, dis die mooi rok, dis die rooi rok wat waai ...

Al in die rondte, vinniger en vinniger totdat die aarde 'n draaiende waas om haar is. Sy draai en swaai en gly oor die vloer. *Rooi rok*. Draai, draai, draai. *Mooi rok*. Gly en draai en swaai. ... *die hartlam van my ...*

Hulle is alleen op die groot, blink vloer van die reusagtige balsaal. Die orkes is iewers agter plante en dekor verskans. Dis net sy en haar hartlam en die oorverdowende, polsende musiek. Die lang, rooi rok sit soos 'n handskoen aan haar en die silwer sandaaltjies rond die prentjie af. Haar held, in 'n pikswart *tuxedo*, is 'n sjarmante heer en uitmuntende danser.

Die tempo van die musiek neem toe – nou is dit 'n wilde samba. Die tromme se polsende ritme ruk deur haar lyf. Sy is 'n sensuele rooi blom wat wieg en ruk en pluk op maat van die musiek. Haar maat staan en verwondering na haar en kyk. Só het hy haar nog nooit gesien nie! Sy lag uitlokkend en nooi hom met die hand om mee te maak, maar hy skud sy kop. Hierdie prentjie moet hy vir ewig en altyd in sy hart vasbrand, weet hy.

Die sensuele '*Time of my life*' neem haar liggaam oor. Sy is 'n vuurwarm rooi bol energie wat uitlokkend om hom flirt. Hy probeer byhou, maar dis asof sy glad nie van hom bewus is nie. Haar liggaam en die musiek is een. Sy skuur uitlokkend teen sy liggaam en verdwyn weer, nog voordat hy kon toegee aan die emosie van die oomblik. Die laaste note sterf weg en sy leun met haar kop teen sy bors.

Die musiek hou vir 'n paar oomblikke op. Sy tree weg van hom af, lag uitgelate en gooi haar kop agteroor. Haar lang, swart hare het losgeraak uit die kapsel bo-op haar kop en is nou 'n welige swart maanhaar oor haar skouers. Sy stap 'n paar treë weg van hom af en gaan staan met haar rug na hom toe; haar hele wese in afwagting op die volgende musiek.

Die ligte domp tot 'n sagte skemering. Die enigste lig is 'n kers hier en daar. Die atmosfeer is gelaai, asof in afwagting op 'n grootse gebeurtenis.

Die sagte vioolklanke van 'n Weense wals vul die saal. Hy kom van agter af en draai haar om in sy omhelsing. Hulle sweef oor die vloer in volmaakte eenheid. Hulle praat nie. Hulle oë hou die een die ander gevange.

Meteens is dit pikdonker en die musiek is stil. "Agge nee!" kreun sy sag.

Die kind kom by die kamer in en stoot die rystoel opsy. "Mamma, Pappa vra of ek ..." Sy storm op haar ma af wat in 'n klein bondeltjie op die vloer lê.

"Mamma! Wat het gebeur? Hoe kom jy uit die stoel uit?"

Sy sug hartseer. "Ek wou dans, my kind."

MY AFRIKAANSE STORIES

Die kind probeer haar ophelp, maar haar verlamde liggaam is te swaar. “Pappa, kom help my, asseblief,” skree sy af met die gang. “Mamma het geval.”

Toe sy weer in die stoel is, kyk sy hartseer na haar man. “Jy sal sien, wanneer ek uit hierdie rystoel uit opstaan, sal ek dans. Ek sal dans asof niemand kyk nie.”

IN DIE LENTE VAN ONS LIEFDE

Die aarde is ‘n rooi stofwolk. Dat sy nou juis op so ‘n dag hier moet afklim! Annelie bind ‘n serp oor haar mond en neus en sien dat die meeste ander passasiers dieselfde doen.

Iemand kry haar aan die arm beet. “Mevrou, ek is John. As ons uitklim, moet jy aan my vashou. Hierdie wind speel nie met kleintjies soos jy nie. Ek neem jou reguit na jou woonwa toe, vandag sal niemand kan werk nie.

Die moderne woonwa is gelukkig redelik stofdig. Annelie begin dadelik haar tasse uitpak. As hierdie wind gaan lê, wil sy gereed wees. Tien dae is so kort vir dit wat sy alles wil doen.

“Jammer, onder normale omstandighede sou ek darem eers klop voor ek inkom, maar met hierdie wind ...”

Sy stol in haar spore. Voor haar staan haar jeugliefde, Martin. Sy skud ‘n slag haar kop om seker te maak dat sy nie droom nie. Hoe is dit moontlik?

“Ekskuus tog, het ek jou laat skrik?” vra hy besorg.

“Nee ... ek ...” stamel sy.

Hy lag. “Ek dink dit is nou veilig om die serp van jou gesig af te haal. Hier in die woonwa is die stof mos darem nie so baie soos buite nie.”

Die serp! Senuweeagtig sukkel sy om die knoop agter haar kop los te maak. Hemel, hoe het sy in hierdie situasie beland? Gaan hy haar herken?

Uiteindelik is die knoop los en val die serp op die grond voor haar. Sy buk vervaard af en tel dit op. Om haarself tyd te gee, staan sy tydsaam die serp en opvou, sonder om na Martin te kyk.

“Annelie? My genade, mens, dat ons mekaar na twintig jaar hier in die boendes moet raakloop! Wat maak jy hier?” Hy gaan ongenooi op die bed sit en klap met sy hand langs hom as uitnodiging vir haar om ook te sit.

“Ek kan dieselfde vir jou vra. Ek is besig met my doktorsale proefskrif: boukuns. Wat my fassineer, is hoe hulle in daardie tyd gebou het sonder sement. Hoe bly die strukture staan? Na Martin se dood het die kinders my aangemoedig om weer te begin studeer ... en hier is ek nou.”

“Ek is jammer om van jou man se dood te hoor.”

“Dis darem al ses jaar gelede. Dit gaan al beter as aan die begin. En jy? Vrou? Kinders?”

Hy skud se kop. “Argeologie is my vrou. Nadat ons graad gevang het, was ek ‘n tyd lank bo in Antarktika en nou is ek hier, soos jy sien.” Hy lag. “Hier loop nie eintlik ongetroude vrouetjies tussen die ruïnes rond nie.”

Hy staan op. “Wees rustig, hierdie wind gaan nie voor vannag lê nie. Ek kom kry jou sesuur vir aandete. Reg so?”

Sy knik. “Baie dankie. Ons sien dan sesuur.”

Martin is uit by die woonwa en Annelie pak gou klaar uit. Haar gedagtes is ‘n warboel. Hy hét destyds gevra sy moet vir hom wag, maar sy sporadiese briewe het al skaarser geword en later opgedroog. Pieter was eers ‘n vriend in nood en mettertyd het sy lief geword vir hom.

Dierbare Pieter! Jy het dit nie verdien dat my hart net halfpad aan jou behoort het nie. Etenstyd is ‘n roesmoes van mense. Annelie is bly dat hulle die tafel met tien ander mans deel. Sy kan glad nie bepaal of Martin nog ooit onthou dat sy hom jare terug in die steek gelaat het nie. Die geselskap is lig en ontspanne, met geen persoonlike verwysing na die verlede nie.

Iewers deur die nag het die wind gaan lê. Die woestynoggend is koel en verfrissend. By die tyd wat hulle egter by die uitgrawings kom, tap die sweet reeds van Annelie se gesig af. Vir haar lyk dit of die res van die span onaangeraak is deur die hitte. Hoe kry hulle dit reg?

“Kom ek gaan wys jou waar ons verlede maand klaargemaak het. Ek glo dit is waar jy die meeste van jou inligting sal kan versamel,” bied Martin aan.

Van die oomblik af wat sy die ruïne sien, is sy begeesterd. Sy begin dadelik foto’s neem en aantekeninge maak. Sy vergeet van Martin en die hitte, want sy weet haar tyd is beperk. Iewers hoor sy die sirene vir middagete, maar sy woeker voort. Tyd is te kosbaar om te mors. Die laatmiddag-sirene roep dat die laaste bus op pad is terug kamp toe en Annelie drafstap om by die ander te kom.

“Ek dog jy slaap sommer vannag hier,” lag Martin toe sy uitgeput in die bus klim. “Kom skuif hier langs my in, die bus is baie vol vandag.” Hy sit sy arm om haar skouers en trek haar nader. “Sit nader, netnou val jy af.”

Annelie voel hoe haar wange vuurwarm word. Genugtig, die man is bloot bedagsaam, moenie nou allerhande gedagtes kry soos ‘n bakvissie nie. Martin sit doodrustig en gesels met die man links van hom, skynbaar onbewus van haar of haar ongemak.

Die dae gaan te vinnig verby. Die patroon bly dieselfde: Vroeg opstaan, heeldag in die bloedige son en saans eet hulle saam met die res van die kamp.

Annelie is verward en onseker. Nog net twee dae, dan gaan sy terug. Sy het in hierdie paar dae maar net weer besef dat sy nog altyd baie lief is vir Martin. Die probleem is dat hy onaangeraak en amper half koel teenoor haar optree.

Na aandete keer Martin haar toe sy na haar woonwa toe wil loop. “Kom saam, ek wil hê jy moet na iets by my gaan luister,” nooi hy.

“Ek wou eintlik begin inpak het, maar ek kan ‘n halfuur spaar.” Annelie weet sy het nog genoeg tyd om in te pak, maar sy vertrou haarself glad nie alleen by Martin nie. Die blote gedagte daaraan laat die bloed deur haar are bruis.

“Sit gerus, ek gooi vir ons iets om te drink,” nooi hy. “Drink jy nog altyd ‘n rooietjie?” vra hy oor sy skouer.

Dit skok deur haar liggaam toe sy die glas by hom vat. “Baie dankie, Martin. Jy onthou sowaar nog altyd!”

Hy lag. “Jy sal verbaas wees wat ek nog alles onthou.” Hy druk ‘n CD in die speler. “Maak jou oë toe en luister,” fluister hy toe klavierklanke die woonwa vul.

Annelie ruk regop. “Dis mos ...”

Hy sit sy vinger voor sy mond. “Sjuut, lê terug en luister, toe?”

In September word die wêreld weer mooi, In September in helder kleure getooi ...

Hy kom langs haar sit en neurie saggies saam. Wanneer die laaste note wegsterf, is hulle stil. Woorde is nou oorbodig.

“In die lente van ons liefde,” mymer hy by haar oor. Ons het dit die aand voordat ek weg is, in die inry gaan kyk.”

“Martin, ek is so jammer oor alles. Kan jy my vergewe?”

“Sjuut, jy praat te veel, my lief.” Hy soen haar saggies op die voorkop voordat hy voortgaan.

“Vir ons getroude maters is hierdie al lankal mid-somer, maar vir ons is dit die lente van ons liefde, dink jy nie so nie?”

Sy lag saggies. “Op ons ouderdom? Dan seker maar die laat-lente van ons liefde.”